

Donderdag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 1:1-4

Fokusgedeelte: Habakuk 1:1-4

Hoe lank moet ek om hulp roep?

Hoekom laat God dan al hierdie onreg om ons toe? Het jy ook al gewonder? Wel, jy bevind jou in goeie geselskap. So wil Habakuk duisende jare gelede ook van God weet. Juda staan op die vooraand van hulle eie ballingskap. Daar is bykans geen sprake meer van 'n koning en 'n volk wat gehoorsaam is aan die voorskrifte van hulle God nie. Hulle aanbid ander gode en daar is nie meer reg en geregtigheid nie. Dié wat in mag is, misbruik dit en die godsdienstige leiers het met hulle ongehoorsame leiding die krag van die wet gesteel.

Tog roep Habakuk hier baie opreg en emosioneel moeg tot die Verbondsgod, die Een wat nog altyd getrou was. Hy wil weet waarom hy hierdie aaklige dinge moet sien, maar erger nog, hoekom God net toekyk.

Voel jy ook asof jou oë nou genoeg onreg, moord en verdrukking gesien het? Wil jy hiervan vlug, of dalk net jou oë toemaak vir hierdie dinge? Wil jy dit ook uitskreeu: “Ek kan nie meer nie Here! Ek wil nie meer nie! Hoe lank moet ek nog om hulp roep voordat U hoor, Here.”

Ons kry op soveel ander plekke in die Bybel hierop antwoord: Sonder ophou, sonder moeg word, dag en nag (Neh. 1:6; Ps. 77). Moenie ophou roep en bid nie, want soos ons vervolgens gaan sien, is die prentjie baie groter as ons aardse voorspoed. Ja, die wet het sy krag verloor omdat mense nie meer verstaan het dat die wet se doel was om die oë weer op God te rig nie. Iets, iemand groter as die wet was nodig om weer sin van die lewe te maak. Die Christus is op pad! Bly roep!

Sing: Psalm 90-1:1, 9

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)